

DIE HOOGFEES VAN CHRISTUS KONING

AFSLUITING VAN DIE KERKJAAR



“Waaruit bestaan dié ‘mag’ van Jesus Christus, ons Koning, nou eintlik? Dit is nie die mag van die konings en heersers van hierdie wêreld nie; dit is die goddelike mag wat die ewige lewe kan gee, die bose kan verdryf, die heerskappy van die dood kan vernietig. Dit is die mag van die Liefde wat die goeie uit die bose kan haal, die hardste hart kan versag, vrede in konflik kan bring en hoop in die donkerste duisternis kan laat ontvlam. Die Koninkryk van God word nooit op ons afgedwing nie, dit eerbiedig ons menslike vryheid. Christus het gekom “...om oor die waarheid te getuig.” (Joh 18:37), soos Hy teenoor Pilatus verklaar het. Wie ook al sy getuienis aanvaar, dien onder sy vaandel. Elke gewete moet dus ’n keuse maak. Wie gaan ek volg? God of die Bose? Die waarheid of die leuen? Deur te kies vir Christus waarborg geen sukses volgens die wêreld se standarde nie, maar dit beloof ons die vrede en vreugde wat net Hy ons kan bied. Dit sien ons duidelik in die lewens van dié manne en vroue wat in elke tyd in die Naam van Christus die waarheid en dit wat reg is nagestreef het en nie in die strikke van die wêreld se verleiding verval het nie, selfs al het dit hulle hul lewens gekos.” *Uit ’n homilie van pous Benedictus XVI op die Hoogfees van Christus Koning, 22 November 2009.*